## Ons lewens het hoogtepunte en laagtepunte,
## maar jou lewe is vooruit deur God bepaal!

Donderdag 25 November 2021

**<u>Hand 23:11</u> ('53)** "En die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê: Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig."

**Ons almal beleef hoogte- en laagtepunte in ons lewens**. Soms gaan dit goed, soms baie goed en ander kere gaan dit nie so goed nie. Baie mense ontwikkel depressie vanweë hartseer sake in hulle lewens. Hoeveel mense het nie al deur egskeidings gegaan nie, hulle werk verloor, met kinders probleme gehad, en het toe net moedeloos geword nie? Sake wat ons diep raak is as jy op finansiële gebied baie swaar kry, as jy op emosionele gebied swaar kry, as jy op godsdienstige gebied swaar kry.

**Maar wat vra die Here?** Die Here vra dat ons altyd aan Hom gehoorsaam sal wees. Dit beteken dat ons die Woord sal lees, sal bid en in 'n eerlike opregte verhouding met God sal saamleef. Om met God saam te leef beteken dat God eerste in jou lewe moet wees.

- **<u>Joh 3:30</u>** "Hy moet meer word, maar ek minder."
- **<u>Fil 2:3</u>** "Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself."

**Dit is wat die Apostel Paulus gedoen het.** Hy het sonder om te skroom die evangelie verkondig. Ons lees in Hand 23:1-11 hoedat hy onbeskroomd die Joodse Raad, vierkantig in die oë gekyk en gesê het en getuig het. Die gevolg was dat hy op die mond geslaan is. Hy is uitgekryt vir skynheilig. Ja selfs sy lewe was in gevaar.

**Paulus moes sekerlik ook bang gewees het.** Ons Here Jesus Christus het gebid dat die beker van die kruising by hom moet verbygaan, as dit sy Vader se wil is.

**Soms raak dinge ook vir ons te veel.** Dikwels hier aan die einde van die jaar, raak dit druk al hoe meer om dinge klaar te kry. Ons kinders en student skryf eksamen met groot druk. Onderwysers moet vraestelle klaar merk. Werk moet afgehandel word. Depressies neem toe.

**Maar die Here is in beheer van ons hele lewe!** Daarom het die Here vir Paulus gesê in vers 11:
**"Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen."**

**"'n Boodskap - Hou moed!"** – beteken dat Paulus in die geloof kan vashou aan God se beloftes. God is altyd daar vir ons, op Sy wyse, op Sy manier, met Sy gedagtes sal Hy vir ons sorg.
**"'n Boodskap - Jy het vir My getuig." -** die Here prys en loof vir Paulus omdat hy getuig het. Sy getuienis is nie aanvaar nie, maar hy was gehoorsaam aan sy opdrag. Dit verbly God se hart."
**"'n Boodskap van Vertroue."** - Paulus moes nog na Rome gaan. Hy wou nog altyd daar gaan getuig. Maar nou het dit gelyk of hy nooit daar sou uitkom nie. Tog het die Here belowe dit is waar Paulus sou opeindig.

Daarom, ons moet bly vertrou. God het 'n doel met ons lewens. Al lyk dit nie op die oomblik vir jou rooskleuring nie, ja al is jy tot die dood toe siek, vermoeid, belas, bekommerd, God sal jou dra. God sal sy doel met jou op aarde voltooi. Ek en jy weet nie wat môre inhou nie, maar God het dit klaar bepaal en dit sal gebeur.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: <u>gskruger1@gmail.com</u>***